basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## NOVEMBER 2018

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag in ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit in die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Ek sal dit nooit weer doen nie! **[50]**

1.2 Dink mooi voor jy die stuurknoppie op jou selfoon druk! **[50]**

1.3 Volg sukses altyd na harde werk? **[50]**

1.4 Suid-Afrika in 2060 **[50]**

1.5 Ons leef in interessante tye. **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1




[Bron: pixabay.com] **[50]**

1.6.2



[Bron: google] **[50]**

1.6.3



[Bron: google] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **FORMELE BRIEF**

Edu Toekoms bied beurse aan vir matrikulante wat na skool verder wil studeer.

Skryf 'n FORMELE BRIEF aan die bestuurder van Edu Toekoms waarin jy om die beurs aansoek doen.

Gee jou persoonlike besonderhede wat by hierdie brief pas, noem jou akademiese prestasie(s) en gee redes waarom jy dink dat jy hierdie beurs behoort te kry. **[30]**

2.2 **HULDEBLYK**

'n Geliefde onderwyser op julle dorp tree af. Julle reël 'n funksie om hom/haar te bedank. Jy moet namens die leerders van die skool 'n huldeblyk aan hierdie onderwyser lewer.

Skryf die HULDEBLYK. **[30]**

2.3 **INFORMELE VERSLAG**

Jy het gehoor hoe twee van jou klasmaats beplan het om 'n onderwyseres by die skool se rekenaar te steel. Die volgende dag was die rekenaar weg. Jy het vir haar gaan vertel wat jy gehoor het. Sy het jou gevra om vir haar 'n volledige verslag hieroor te skryf.

Skryf hierdie VERSLAG. **[30]**

2.4 **DIALOOG**

Jy het iemand ontmoet en is nou verlief. Ongelukkig hou jou ma glad nie van hierdie persoon nie. Jy wil jou ma van opinie laat verander.

Skryf die DIALOOG tussen jou en jou ma neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **UITNODIGINGSKAARTJIE**

Julle matriekgroep besluit om die oumense in julle omgewing na 'n ontbyt by die skool te nooi. Die doel van die ontbyt is om die oumense te bederf.

Skryf 'n UITNODIGING om die oumense na hierdie ontbyt te nooi. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het iets by die skool gedoen wat verkeerd was. Die skoolhoof wou met jou ouers daaroor praat. Jy moes vir jou ouers vertel wat jy gedoen het en dat die skoolhoof hulle daaroor wou spreek. Dit het jou slapelose nagte gegee.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die dag vóórdat jy vir jou ouers vertel dat die skoolhoof met hulle wil praat.
- Die dag nádat jou ouers by die skoolhoof was. **[20]**

3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

'n Bekende sanger kom julle skool besoek. Verduidelik vir die sanger se bestuurder hoe om van sy hotel af tot by julle skool te kom.

Skryf die RIGTINGAANWYSINGS puntsgewys en onder mekaar neer. Jy moet straatname en bakens noem. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**